40 MINUTE BYBEL-STUDIES

’N 6-WEKE, GEEN-TUISWERK BYBELSTUDIE

MEER AS 700,000 IN DIE REEKS VERKOO[

Ontdek wat die Toekoms Inhou

# Ontdek wat die Toekoms Inhou




Kay Arthur & Georg Huber

PRECEPT MINISTRIES SOUTH AFRICA

40 minute BYBELSTUDIES

40 minute
BYBELSTUDIES

# Ontdek wat die Toekoms Inhou

Kay Arthur, Georg Huber

PRECEPT MINISTRIES SOUTH AFRICA

Ontdek wat die Toekoms Inhou
Gepubliseer deur Precept Ministries South Africa
met toestemming van WaterBrook Press
12265 Oracle Boulevard, Suite 200
Colorado Springs, Colorado 80921
*A division of Random House Inc.*

A translation of the book
Discovering What the Future Holds
*by* Kay Arthur *and* & Georg Huber
published by WaterBrook Press

© Aanhalings uit 1953-Afrikaanse vertaling van die Bybel met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

ISBN 978-1-62119-426-2

Kopiereg © 2007, 2009 Precept Ministries Suid-Afrika

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer of oorgedra word in enige vorm of op enige manier, elektronies of meganies, sonder die skriftelike verlof van die kopiereghouers nie. Dié beperking sluit in foto-afdrukke, opnames of enige ander stelsel van berging en opsporing van inligting.

Gedruk deur Bevan Group, Strand
2015

10 9 8 7 6 5 4 3 2 1

# HOE OM HIERDIE STUDIE TE GEBRUIK

Hierdie kleingroepstudie is vir mense wat belangstel om self meer te leer wat die Bybel sê oor verskeie onderwerpe, maar wat net beperkte tyd vir saamkom het. Dit is byvoorbeeld ideaal vir 'n middagetegroep by die werk, 'n vroegoggendmannegroep, 'n jongmoedergroep in 'n huis, 'n Sondagskoolklas of selfs vir huisgodsdiens. (Dit is ook ideaal vir kleingroepe wat gewoonlik meer tyd vir byeenkom het — soos aandgroepe of Saterdagoggendgroepe — en wat net gedeelte van hul tyd saam aan werklike studie wil bestee, terwyl die origе tyd vir gebed, gemeenskap of ander aktiwiteite gehou word.

Hierdie boek is so beplan dat al die groeplede elke les se studietake *gelyktydig* én *saam* kan voltooi. Die bespreking van die insig wat jy verkry het uit wat God omtrent die onderwerp sê, openbaar opwindende, treffende lewenswaarhede.

Alhoewel dit 'n groepstudie is, benodig jy 'n leier om die studie te lei en die bespreking aan die gang te hou. (So 'n persoon se taak is *nie* dié van 'n lektor of onderwyser nie. As hierdie boek egter in 'n Sondagskoolklas of 'n soortgelyke omgewing gebruik word, moet die onderwyser vry voel om meer direk leiding te gee en bykomende insig by te voeg bý dit wat in die les van elke week voorsien word.)

As jy jul groep se leier is, kan die volgende nuttige wenke jou taak vergemaklik:

- Werk deur die les en merk die teks voordat jy die bespreking lei. Dit maak jou toenemend vertroud met die materiaal en stel jou in staat om die bespreking met groter gemak te lei. Kies as leier 'n spesifieke kleur vir elke simbool. Dit sal jou help om die groep te lei met die merk van woorde.
- Begin by die begin van die teks en lees dit eenvoudig hardop

in die volgorde in die les, insluitende die "insigraampies" wat deurgaans verskyn. Werk saam deur die les terwyl julle waarneem en bespreek wat julle daaruit leer. Soos jy die teksverse lees, moet die groep die woord wat hulle moet merk, hardop sê.

- Die besprekingsvrae is daar om jou te help om die materiaal te hanteer. Jy sal dikwels vind dat, sodra die klas tot die bespreking oorgaan, hulle self die vrae sal stel. Onthou, die vrae is daar om die groep by die bespreking te hou, nie om die bespreking te belemmer nie.
- Dit is belangrik dat mense hul antwoorde en ontdekkings verwoord. Dit versterk grootliks hul persoonlike begrip van die weeklikse les. Maak seker dat elkeen volop geleenthede het om aan die besprekings deel te neem.
- Hou die besprekings aan die gang. Dit mag beteken dat meer tyd aan sommige dele van die studie bestee word as aan ander. As dit nodig is, mag jy gerus 'n les oor meer as een byeenkoms laat strek. Onthou egter: moenie die pas té stadig maak nie. Dis baie beter om elkeen na meer te laat smag, as om mense te hê wat uitsak weens 'n afname in belangstelling.
- As die geldigheid of korrektheid van sekere antwoorde betwyfel word, kan jy op 'n sagte, dog vriendelike manier, die groep herinner om te fokus op die waarheid van die Skrif. Jou doel is om te leer wat die Skrif sê en nie verwikkeld te raak in wat mense sê nie. Hou eenvoudig vas aan die Skrif en gee God die kans om te spreek. Sý Woord ís die waarheid (Johannes 17:17)!

# ONTDEK WAT DIE TOEKOMS INHOU

Met alles wat in die wêreld gebeur, kan 'n mens nie help om te wonder wat die toekoms inhou nie. Sal daar ooit vrede op aarde wees? Sal die nasies leer hoe om in harmonie met mekaar saam te leef? Sal daar ooit 'n vreedsame oplossing kom tussen Israel en die Palestyne? Hoe lank sal die wêreld leef onder die bedreiging van terrorisme? Is 'n een-wêreld heerser aan die kom?

Wat hou die toekoms vir die verskillende nasies van die wêreld in? Kan ons weet? Indien wel, wanneer sal dit gebeur? Waar sal dit gebeur? En waar pas ons as enkelinge by dit alles in?

Amos, 'n profeet in die Ou Testament, skryf: "Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie" (Amos 3:7). As dit waar is, dan het God alreeds aan sy

volk geopenbaar wat die toekoms inhou. Ons hoef ons nie te bekommer of te wonder nie, omdat Hy alreeds aan ons 'n vooruitskouing gegee het.

Ons gaan die profesieë van Daniël saam verken, want dit gee vir ons 'n duideliker beskrywing van die toekoms as enige ander Bybelboek. En soos ons leer, soos jou geloof en kennis vermeerder, sal jy ontdek dat jou vrae plek maak vir vertroue in die Een wat die toekoms in sy hande hou.

As jy 'n gebou wil oprig wat vas en stewig sal bly staan tydens 'n aardbewing of enige ander rampspoedige gebeurtenis, sal jy saam met 'n argitek, wie se grondplanne tot die letter toe uitgevoer moet word, moet werk.

God is natuurlik die Argitek van die geskiedenis en die toekoms, en die boek van Daniël, die profeet, onthul sy grondplanne. Om die waarheid te sê, wanneer jy die profesieë, soos uiteengesit in Daniël verstaan, ontdek jy dat elke ander profesie in die Bybel iewers by die Here se grondplanne inpas.

As jy dus 'n grondige begrip van die toekoms wil vaslê, én wil weet wat in die "laaste dae" gaan gebeur, moet jy met die profesieë, soos opgeteken in die boek Daniël, begin.

Baie mense is geneig om hul hande in die lug te gooi die oomblik wanneer Daniël genoem word en te sê: "Maar hoe kan 'n mens hierdie boek verstaan? Dis so verwarrend!" Die probleem is dat baie hul eie interpretasies aan hierdie boek heg, eerder as om toe te laat dat die interpretasies wat in die boek gegee word, self spreek.

Kom ons kyk in die lig hiervan wat ons kan ontdek deur bloot die teks sorgvuldig waar te neem, sonder om enige van óns interpretasies by te voeg.

## WAARNEMING

Gedurende die loop van hierdie studie kyk ons na elke profetiese gedeelte wat lig werp op wat in die toekoms gaan plaasvind. Ons eerste teks is Daniël 2:25-45. Aangesien ons by die middel van die hoofstuk begin, moet ons eers kyk na die konteks van hierdie hoofstuk: Nebukadnésar, die koning van Babel,

**DANIËL 2:25-30**

25 Toe het Ariog
Daniël haastig voor
die koning ingebring
en só vir hom gesê:
Ek het 'n man onder
die ballinge van Juda
gevind wat die koning

die uitlegging bekend sal maak.

26 Die koning het geantwoord en aan Daniël, wie se naam Béltsasar was, gesê: Is jy in staat om aan my die droom wat ek gesien het, en sy uitlegging bekend te maak?

27 Daniël het in teenwoordigheid van die koning geantwoord en gesê: Die geheim waarna die koning vra, kan die wyse manne, die besweerders, die geleerdes, die waarsêers nie aan die koning te kenne gee nie.

28 Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime openbaar, en Hy het koning Nebukadnésar bekend gemaak wat aan die einde van die dae sal gebeur. U droom en

het 'n ontstellende droom gehad. Nie een van sy wyse manne kon dit verklaar nie. Hulle het gesê dat hulle die droom nie kon verklaar nie, omdat hulle nie geweet het wat die koning gedroom het nie—en Nebukadnésar wou hulle dit nie vertel nie. Gevolglik het die koning gedreig om hulle almal dood te maak, insluitende die vier Joodse gevangenes in Nebukadnésar se diens.

Toe Daniël, een van die vier Joodse gevangenes, hiervan hoor, het hy vir meer tyd gevra om die God van die hemel te raadpleeg sodat Hy die droom aan hom kon openbaar. Dis hier waar ons studie aansluit.

***Leier:** Lees Daniël 2:25-30 hardop. Terwyl jy lees, laat die groep*

- *'n wolkie trek om elke verwysing na die **droom**, geheim of gesig, só:*
- *'n ? plaas oor elke plek waar die woord **uitlegging** voorkom.*

*Terwyl jy die teks lees, is dit nuttig om die groep die sleutelwoorde te laat sê wanneer hulle dit merk. Op hierdie manier sal elkeen seker maak dat hy/sy elke plek merk waar die woord voorkom, insluitende enige sinonieme, woorde of -frases.*

## BESPREKING

***Leier:*** *Bespreek alleenlik wat die groep in die teks self waarneem. Weerhou jouself asseblief daarvan om dit te probeer interpreteer. As mense hul gedagtes, menings of spekulasies uitspreek, sal die groep nie in staat wees om sélf in te sien wat die suiwer Skrifteks openbaar nie.*

- Terwyl jy in aanmerking neem wat die groep gemerk het, kyk wat jy kan uitvind omtrent die droom. Vra die 5 W's en H-vrae — wie, wat, wanneer, waar, waarom en hoe?—en kyk wat die teks vir jou omtrent die droom sê. Byvoorbeeld: *Wie* het gedroom? *Wat* is die strekking van die droom? *Wanneer* het hy gedroom? *Waar* en *waarom*?

- As jy enige verwysing na tyd raakloop— die "wanneer" van iets—merk dit deur 'n horlosie oor die frase te teken.

die gesigte van u hoof
op u bed was dit:

**29** Wat u betref, o
koning, u gedagtes op
u bed het opgestyg oor
wat hierna sal gebeur,
en die Openbaarder
van die geheime het u
bekend gemaak wat sal
gebeur.

**30** En wat my betref,
hierdie geheim is my
geopenbaar, nie deur
'n wysheid wat in my
sou wees meer as in al
die lewendes nie, maar
met die bedoeling dat
die uitlegging aan die
koning bekend gemaak
sal word en u die gedagtes van u hart kan
ken.

• Laat iemand die droom opsom wanneer julle klaar is.

**INSIG**

Die frase "aan die einde van die dae" (*New American Standard Bible* - "in the latter days") is 'n letterlike vertaling van die Hebreeus. Jy sal sien dat hierdie sleutelfrase in jou studie van Daniël herhaal word.

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees Daniël 2:31-35 hardop. Laat die groep*

- *elke verwysing na* ***die beeld****, insluitende die voornaamwoorde, onderstreep.*
- *elke verwysing na* ***die klip*** *omkring.*

## BESPREKING


• Wat het jy uit vers 31 omtrent die beeld geleer?

**DANIËL 2:31-35**

31 U, o koning, het
'n gesig gehad—kyk,
daar was 'n groot
beeld; hierdie beeld was
hoog, en sy glans was
buitengewoon; dit het
voor u gestaan en sy
voorkoms was vreeslik.

32 Wat die beeld
betref, sy hoof was van
goeie goud, sy bors en
sy arms van silwer, sy
buik en sy lendene van

- Terwyl jy in besonder na vers 32 en 33 kyk, hoe word die verskillende dele van die beeld van mekaar onderskei? Merk dit op die skets hieronder.



- Wat het jy geleer uit die merk van die verwysings na die beeld en die klip in vers 34 en 35? Let op na elke klein besonderheidjie.

koper,

33 sy bene van yster,
sy voete gedeeltelik van
yster en gedeeltelik van
klei.

34 U het gekyk totdat
daar sonder toedoen
van mensehande 'n klip
losraak wat die beeld
getref het aan sy voete
van yster en van klei en
dit fyngestamp het.

35 Toe is tegelykertyd
die yster, die klei, die
koper, die silwer en die
goud fyngestamp, en
dit het soos kaf geword
van die dorsvloere in
die somer, wat die wind
wegneem, sodat daar
geen spoor van gevind
is nie; maar die klip
wat die beeld getref
het, het 'n groot rots
geword wat die hele
aarde gevul het.

## DANIËL 2:36-39

15 Dit is die droom; sy
uitlegging sal ons nou
voor die koning sê:

37 U, o koning, ko-
ning van die konings,
aan wie die God van
die hemel die koning-
skap, die krag en die
sterkte en die eer ver-
leen het,

38 en in wie se
hand Hy in die hele
bewoonde wêreld die
mensekinders, die diere
van die veld en die
voëls van die hemel
gegee het, sodat Hy
u as heerser oor hulle
almal aangestel het—ú
is die hoof van goud.

39 En ná u sal daar
'n ander koninkryk
opstaan, geringer as dié
van u; daarna 'n ander,
'n derde koninkryk,
van koper, wat oor die
hele aarde sal heers;

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees Daniël 2:36-39 hardop. Laat die groep*

- *elke verwysing na* ***die koning*** *omraam, só:* ☐
- *'n wolkie* ☁ *trek om die woord* ***droom****.*
- *'n* **?** *plaas oor* ***uitlegging****.*

## BESPREKING

- Wat het jy geleer uit die woorde wat jy gemerk het?

- Wat het jy geleer uit die merk van die verwysings na *die koning*? Skryf jou insig by die skets van die beeld.

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees Daniël 2:40-43 hardop. Laat die groep*

- *elke verwysing na die* ***vierde koninkryk****, insluitende die voornaamwoord* ***hy****, só merk:* ⌊______⌋
- *elke verwysing na die* ***voete*** *en die* ***tone*** *omraam, só:* ☐

## BESPREKING

- Wat het jy uit vers 40-41 omtrent die *koninkryk* geleer? Hoe word daarna verwys en hoe word dit beskryf? Watter deel van die beeld word met hierdie koninkryk geassosieer?

- Wat het jy uit die merk van *voete* en *tone* in vers 41-43 geleer?

### DANIËL 2:40-43

40 en die vierde
koninkryk sal hard
wees soos yster, juis
omdat yster alles fyn-
stamp en verpletter;
en soos die yster wat
vergruis, sal hy dit alles
fynstamp en vergruis.

41 En dat die voete en
die tone, soos u gesien
het, deels van pottebak-
kersklei en deels van
yster was—dit sal ’n
verdeelde koninkryk
wees, en van die hard-
heid van die yster sal
daarin wees, omdat u
die yster met kleigrond
gemeng gesien het.

42 En dat die tone
van die voete deels van
yster en deels van klei
is—’n gedeelte van
die koninkryk sal hard
en ’n gedeelte sal bros
wees.

43 Dat u die yster
gemeng met kleigrond

gesien het—hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.

**DANIËL 2:44-45**

44 Maar in die dae van dié konings sal die God van die hemel 'n koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie; dit sal al daardie koninkryke verbrysel en daar 'n einde aan maak, maar self sal dit vir ewig bestaan—

45 net soos u gesien het dat sonder toedoen van mensehande 'n klip van die berg af

- Wat sê dit vir jou omtrent die vierde koninkryk? Hoe sal dit lyk? (Moenie enige verwysings wat buite die teks is, in ag neem nie. Laat Skrif eenvoudig Skrif verklaar.) Te oordeel na jou waarneming van die voete en die tone, hoeveel hoofafdelings en onderafdelings kom voor in hierdie beeld? Watter verband het die tone met mekaar?

## WAARNEMING

***Leier:*** *Lees Daniël 2:44-45 hardop. Laat die groep*

- *elke verwysing na **tyd** met 'n horlosie merk, so:* 
- *elke verwysing na **klip** met 'n sirkel merk, so:* 
- *elke verwysing na **droom** en **uitlegging** met 'n wolkie en 'n vraagteken onderskeidelik merk, soos voorheen.*

## BESPREKING

- Wat het jy geleer uit die merk van die verwysings na tyd?

- Wanneer sal God 'n koninkryk oprig, en wat het jy uit hierdie verse omtrent hierdie koninkryk geleer?

- Wie is "die konings" wat in vers 44 genoem word? Lees weer vers 40-43 om die konteks en eenheid te kry. Sodra jy ontdek na wie "die konings" verwys, merk die frase dienooreenkomstig.


- Wat het jy geleer uit die merk van die verwysings na die *klip*? Wat sal met die ander koninkryke gebeur?

- Wat word deur die klip verteenwoordig?

- Lees weer die volledige teks van die verse waarna ons gekyk het. Begin by

losgeraak het wat die yster, die koper, die klei, die silwer en die goud verbrysel het. Die grote God het aan die koning bekend gemaak wat hierna sal gebeur; en die droom is waar en sy uitlegging betroubaar.

vers 31. Hoeveel koninkryke gaan God se koninkryk vooraf, volgens hierdie droom? Trek 'n pyl na elkeen soos dit in die beeld hieronder verteenwoordig word. Nommer dit dan.



- Wat sal gebeur met die bestaande koninkryke wanneer die klip sy koninkryk oprig? Hoe sal kennis hiervan keer dat mense mislei word omtrent die koms van die Here en die vestiging van sy koninkryk op aarde?

- Hoe betroubaar is die droom en die uitleg daarvan?

## SAMEVATTING

Besef jy die betekenis van wat jy so pas gelees het? Met slegs die teks in gedagte, wat het God vir jou gesê is aan die kom? Op dié tydstip moet jy nie spekuleer omtrent enige inligting wat nie by hierdie gedeelte ingesluit is nie. Al wat jy moet doen, is om seker te maak dat jy ’n begrip het van die feite wat God vir jou gegee het in hierdie profetiese droom.

God het sy grondplan vir die geskiedenis uitgelê. Dit is ’n grondplan wat ons neem vanaf die Babiloniese Ryk, in Daniël se tyd, tot die heerskappy van God op aarde—’n koninkryk wat nooit vernietig sal word nie. Sy koninkryk sal opgerig word "in die dae van die konings." Watter konings? Die konings van die tien tone van yster en klei aan die twee voete.

Alhoewel ons dit dalk nie alles verstaan nie, verklaar die Skrif dat hierdie droom waar en sy uitleg betroubaar is. Ons weet dus dat God se koninkryk nie op aarde kan kom voordat daar ’n vierde koninkryk van twee afdelings met tien konings in ’n losserige groepering, sommige sterker as die ander, tot stand gekom het nie.

As jy bekend is met die geskiedenis, sal dit vir jou duidelik wees dat die gebeurtenis wat hier beskryf word, nog voor, in die toekoms, lê. Die vraag is: Kan dit alles in jou leeftyd gebeur? Indien wel, sal dit ’n verskil maak aan jou leefwyse—noudat jy besef dat jy eendag voor die God van die hemel sal staan? Sal dit nie beteken dat jy jou met die Woord van God vereenselwig nie, selfs al is dit miskien nie polities korrek of al lyk dit selfs nie redelik in vandag se tyd nie? Sal dit nie veroorsaak dat jy die wyse waarop jy jou tyd en geld bestee, evalueer

nie?

Openbaring 22:12 sê dat, wanneer Jesus as Koning van die konings en Here van die here terugkom, sy loon by Hom sal wees "om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees" (Openbaring 22:12).


Wat sal jy ontvang? Wat sal Hy vir jou sê?


40 MINUTE BYBEL STUDIES





















# Geen-tuiswerk Bybelstudies


Help Jou om die Waarheid self te ontdek
























# OMTRENT KAY ARTHUR EN PRECEPT MINISTRIES INTERNATIONAL

KAY ARTHUR is wêreldbekend as internasionale Bybelleraar, skrywer, konferensiespreker en gasheer van die nasionale radio- en televisieprogramme *Precepts for Life*, wat 'n wêreldwye gehoor van meer as 4 miljoen het. Sy het reeds vier keer die Gold Medallion Award as skrywer verower en is die outeur van meer as 100 boeke en Bybelstudies.

Kay en haar eggenoot, Jack, stigter van Precept Ministries International in 1970 te Chattanooga, Tennesee, se visie is om mense te vestig in God se Woord. Vandag het die bediening wêreldwyd uitgebrei. Tesame met induktiewe Bybelstudie-werkswinkels en duisende kleingroep Bybelstudiegroepe regoor Amerika, reik PMI uit na ongeveer 185 lande met induktiewe Bybelstudies, wat reeds in 70 tale vertaal is. Die bediening leer mense hoe om waarheid self te ontdek.

Skakel Precept Ministries Suid-Afrika vir meer inligting oor induktiewe Bybelstudies in jou omgewing.

Precept Ministries South-Africa
Posbus 539
Howard Place, 7450
Tel.: +27 (0)21 531 1836
www.precept.org.za